**Gedigte**

Hier is ’n aantal gedigte wat aansluit by Jesus se aardse bediening:

# In sandale

dat Hy
die Onpeilbare en die Onsienlike
die Maker van berge en bye
van mense en sterre en valleie
dat Hy
die Onvergelyklike
Hom kon tuismaak in sandale
om die paaie stof te trap na die minstes toe
dat Hy gekom het
om met hande aan hulle te raak
om heel te maak
dít is die onbegryplike

- Neels Jackson

# By die doop

Toe die jong Jood
voor die bebaarde woestynman
uit die water opkom,
het die wolke oopgeskuif.
Soos ’n kransduif wat langs ’n hang afsak
het die hemelse guns na hom toe afgegly.
Helder het ’n stem verklaar
dis my Seun.
Ek is lief vir Hom.
Hy maak My bly.

God-in-die-hemel het homself verbind
aan die Man van Nasaret.

Dis wat God by die doop doen.

- Neels Jackson

## Versoeking

hy kon die magtigste man op aarde gewees het
dis immers wat hy beloof is
al die koninkryke
al die paleise
al die mag
maar hy wou dit nie hê nie
dis nie waarvoor hy hier is nie
hy het gekom om te dien

*- Neels Jackson*

## by die loflied in filippense 2

dis hoe julle moet wees

soos die goddelike blaar teen die blou blou hemel
vir wie sy eie bladgroen onbelangrik was
want hy het eenvoudig laat los
grond toe gedwarrel
vergeel en
verbruin

op die grond het dit
verbrokkel
en in die aarde verdwyn

maar toe
verskyn die wonder
in groen knoppies op die takke
die uitbundige lente bring lote wat spruit
botsels wat bloei en nuwe blare wat oopvou
in die skittergroen van lewe teen die blou blou hemel

dis hoe julle moet wees

*- Neels Jackson*

# Genade sonder grense

Jesus Christus, Seun van God,
saam met die vroeë kerk bely ons:
U is die Here!
Saam met gelowiges deur die eeue hoor ons u stem wat roep:
“Volg my!”

Ons sien, Here,
dat u die kindertjies nader roep
al was hulle onbelangrik.
Ons sien dat U tyd maak vir die vrou wat aan u kleed geraak het,
al was sy onrein, al was sy ’n vrou, al was sy nie in tel nie.
Ons sien dat U met die vrou by die put gesels,
al was sy ’n vrou, al was sy ’n Samaritaan;.
Ons sien dat U aan die Kanaänitiese vrou se versoek voldoen,
al is hulle eintlik as honde beskou.
Ons sien dat U die Romeinse offisier se seun genees,
al was hy deel van die verdrukkers.
Ons sien dat u eet saam met die tollenaars,
kuier saam met die sondaars,
dat U met sagte oë kyk na die owerspelige vrou.

Here, ons sien dat die godsdienstiges van u tyd grense trek,
maar dat u een na die ander daardie grense oorsteek.

Jesus, U gaan voor,
ons volg in u spoor.

*- Neels Jackson*

## Wonderwyn

Kana
geringe dorpie klein
nooit kon jy weet
dat die langverwagte Messias
by jou bruilofsfees
ook ’n gas sou wees
maar toe ’n jongman van Nasaret
Kanawater in feeswyn verander
toe het jy geweet
dat Hy
jou Messias heet

*- André Smuts*

## Water en wyn

Wat het gebeur
toe gewone water wyn word?

Oor hoe die eenvoudige kombinasie
van waterstof- en suurstofmolekules
omvorm is tot ’n komplekse verbinding
van suikers en suur en sap
en soveel nuanses van aroma en geur,
kan ons net wonder.

Wat ons kan wéét,
is dat dit ’n teken is
dat die jong Jood van Nasaret
meer was ’n gewone mens
soos wyn meer is as gewone water.

En dat Hy die raaksiener is van nood
en die heelmaker van stukkende situasies,
wat uit die penarie van ’n benoude bruidegom
vir hoeveel dae daarna
’n vreugdevolle fees kon laat blom.

Want dís wat gebeur het
toe gewone water wyn word.

*- Neels Jackson*

# Meer as

klompies-klompies gaan sit die skare
op die gras teen die hang van die berg
hul harte vol verwagting
vandag sal ons Hom sien
vandag sal ons Hom hoor
Hy wat wonders doen
Hy wat siekes genees

en dan verskyn Hy
met twaalf dissipels aan sy sy

waar sal ons voedsel kry
vir die honger van so ’n groot skare
vyf brode en twee vissies is mos te mmin
om so ’n groot skare se honger te stil

dan gebeur die wonder
in sy hande word vyf brode en twee vissies
tog genoeg
meer as genoeg
toe weet die skare
Hy is die Profeet
die Een
wat na die wêreld moes kom

*- André Smuts*

# Vissers van mense

van visse en bote  en nette het hulle alles geweet
die water het hulle geken

maar toe kom die vreemdeling
en Hy roep hulle
en Hy belowe
Hy sal hulle vissers van mense maak

hulle het dit nie mooi verstaan nie
maar opgestaan en saamgegaan

hoeveel kere daarna het hulle nie gesien
hoe Hy die werpnet van besorgdheid uitgooi nie
na verlamdes en blindes en melaatses
na skares wat honger na hom kom luister het
in die stilmaak van die storm
die omhelsing van kindertjies

in die sagte uitnodiging aan almal wat oormoeg is
om tot rus te kom
by Hom

later in die bloedige gee van Homself

en toe hulle iets snap van die trekkrag
van liefde wat gee
wat heelmaak
het hulle verstaan wat Hy aan die begin gesê het
oor vissers van mense

*- Neels Jackson*